

18 Oktober

Romeine 5:1-11

(Teks: 5:1)

God spreek my vry deur geloof in Jesus

Elke dag sien ek myself weer raak as 'n sondige mens. My hart is so dikwels vol van bitterheid, vol jaloesie en haat, Ek vertrou so dikwels op my kunstig gevormde afgode - my besittings, my goeie beroep, my kwalifikasies, my goeie skoolprestasies. Ek staan voor die Here met 'n tong wat so dikwels die verkeerde dinge sê - ander uitskel, selfs vloek en op 'n slim manier die waarheid so 'n bietjie verdraai. Ek staan dikwels voor die Here so vol hoogmoed, vol van myself, met so 'n sterk behoefte om geëer te word. Telkens besef ek die wyse Prediker het ook van my gepraat toe hy gesê het: "Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie" (Pred. 7:20).

Ja, hoe kan ek 'n kind wees van die heilige God? Slegs deur nie alleen voor Hom te staan nie. Wie alleen met sy sonde voor God verskyn stuur af op ewige ramspoed en verderf. Saam met Jesus moet ek voor God verskyn, deur geloof vas aan Hom gebind! Jesus is volmaak gebore en het volmaak gesterf. Tog stap Jesus na Golgota, na die kruis. Jesus sterf vir sondaarmense, ook vir my! Slegs deur geloof in Hom spreek God my vry - kyk God na my asof ek so volmaak is soos sy Seun. En nou, 'n seun, 'n dogter in my Vader se huis. Hy maak my dit. Vóór alles is dit my identiteit. Hy gee deur sy Heilige Gees ook die geloof in my hart wat vasgryp aan sy geliefde Seun. Sal ek dan nie bly wees en juig en my verheug in die God vol van genade en liefde nie?

Sing Skrifberyming 10:1

Ds. t. du P van der Vyver (Roodepoort)